Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-940-2775
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 14/04 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Groot dank aan die volgende instansies wat 'n bydrae vir die kermis gelewer het:

QUANTUM FOODS
Registration number: 2012/124966/07

A fresh egg is... Nulaid

SPECTRA

Tulpieskraal BOERDERY

WOODLANDS DAIRY

Rosenhof ROSE FARM

GRANOR PASSI

DAGBREEK Berries PROUDLY GROWN IN SOUTH AFRICA

Bell Ceres Vrugte (Edms) Bpk t/a Morning Crisp

2. **<u>Kermis</u>:**
   Op Saterdag, 9 April, kon ons skool vir die eerste keer sedert 2019 weer ‘n slag behoorlik kermis hou. Dit was ‘n heerlike en uiters suksesvolle dag. Ons was bevoorreg om sewe verskillende skole by ons te verwelkom. Almal het dit baie geniet om die netbal- en rugbyspelers aan te moedig. Die stalletjies het bygedra tot ‘n feestelike atmosfeer. Graag wil ons die volgende bedankings doen:

   - Baie dankie aan die OOV wat, onder leiding van mev. Coreen van Wyk verantwoordelik was vir die stalletjies. Al die stalletjies het pragtig gelyk en ons besef daar het baie ure se beplanning ingegaan. Die produkte was van hoogstaande gehalte en daar was iets vir elke smaak. Die 12 klasverteenwoordigers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Dit is ‘n staatmakerspan.
   - Baie dankie aan Letabakop Plase en Bokmakierie Boerdery vir die groot werk om die stalletjies vir ons te bou en vir Charlene Botha wat dit gekoördineer het.
   - Baie dankie aan elke ouer wat ‘n finansiële bydrae gestuur het;
   - aan elke ouer wat Saterdag hard gewerk het in die stalletjies;
   - aan elke persoon wat as skeidsregter opgetree het en
   - aan ons borge van wie die name op die nuusbrief verskyn.

   Sonder hierdie rolspelers sou ons dag nie kon plaasvind nie.

3. **<u>Personeel se vakveranderinge</u>:**
   Vir kennisname deel ons die verskuiwing van personeel na ander vakke met u:

Mnr. Schlechter:	NW gr. 9
Mev. Bredenhand:	Wisk. gr. 10 – 12
Mev. Terblanche:	Eng. gr. 9
Mej. Du Preez:	Eng. gr. 7-8
Mev. Roberts:	Wisk. gr. 7
Mnr. Terblanche:	LO gr. 7-9
Mev. Stuurman:	Wisk. gr. 8-9

4. **<u>ATKV-redenaars: 23 April</u>:**
   Die volgende leerders neem aan die ATKV redenaars in PE deel. Miencke Strydom, Kara Roberts, Emelee Smith en Taryn Koelman

5. **<u>Opedag: 20 April</u>:**
   Die matrieks woon NMU se opoedag op 20 April by o.l.v. mev. Terblanche.

herotel IGEN

6. **<u>Skaakklub</u>: [Dinsdae: 14:30 tot 15:30]**
   Ons nooi alle skaakspelers, en die wat graag wil leer speel, uit om Dinsdae in die skoolsaal skaak te kom speel. Daar is busvervoer beskikbaar vir die spelers wat op die busroete bly.
   Kontakpersoon: mev. Riana Ferreira

7. **<u>Landsdiens</u>:**
   Op Vrydag, 22 April, is daar 'n handvaardigheidsaktiwiteit. Landsdieners gaan blikborde verf. Kostes is R40, betaalbaar by juf. Simoné.

8. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 25 September 2022</u>:**
   Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

9. **<u>Finansies</u>:**
   <u>Busgeld</u>: <u>Daaglikse roete</u>: Misgund: R2 220,00
   Louterwater: R1 990,00
   Krakeel: R1 750,00
   Busgeld vir die 2de kwartaal is vooruitbetaalbaar en moet teen 19 April betaal wees om te verseker dat leerders van McLachlan se busdiens gebruik mag maak.

   <u>Skoolgeld</u>:
   Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.
   Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
   ABSA Rekeningnommer: 1970 430047
   Tipe rekening: Tjek
   Takkode: 334415
   Verwysing: **Kind se naam en van**

10. **<u>Sport</u>:**
    - **<u>23 April – HS Paul Sauer Sportdag</u>;**
      Saterdag, 23 April vind Hoërskool Paul Sauer se sportdag plaas. Bustye sal later deurgegee word.

    - **<u>23 April – Sarah Baartman netbalproewe 0/12 – 0/19</u>:**
      Die volgende rondte netbalproewe vind plaas op 23 April te Grahamstad. Ons wens die spelers alle sterkte toe en dat hulle net hulle beste sal gee.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com

Hoërskool McLachlan
herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit